Maleagi Week 41: Eindig 11 Okt https://totueer.blog/52-weke/ **God se eer**

Verlede	Hede		Toekoms		
Liefde van God vir die nasie (1:1-5)	**Priesters se sonde (1:6-2:9)**	**Volk se sonde (2:10-3:15)**	**Boek (3:16:3:18)**	**Koms van Christus (4:1-4:3)**	**Koms van Elia (4:4-4:6)**
Jerusalem, 450 vC (ongeveer 100 jaar na die terugkeer uit ballingskap)					

Dag	Lees
Ma	Mal 1 Rom 9:13
Di	Mal 2
Wo	Mal 3
Do	Mal 3:1, Mat 11:10, Mark 1:2, Luk 7:27
Vry	Mal 3:17, I Pet 2:9
Sat	Mal 3:23, Mat 17:10, Mark 9:11
Son	Mal 4

Die bevel wat julle ontvang het … is om my Naam te eer. (Mal 2:1-2)

Na die aanvanklike herbou van die tempel en mure van die stad, het die entoesiasme begin afneem. Hulle het God se voorsienigheid in twyfel begin trek. ‘n Groot deel van sy boek is in die vorm van ‘n debat met argumente en teenargumente beskryf. God se liefde kan gesien word uit die verskil van Jakob en Esau se nageslag. Hy roep die volk op om in te sien dat die feit dat hulle min seëninge ontvang nie daarop dui dat God nie omgee nie, maar dat dit veroorsaak word deur hulle eie ongehoorsaamheid.

Na die bouwerk voltooi is en die tempeldiens ingestel is het aanbidding weer geleidelik minder opreg en meer formeel geword. Maleagi het ses oortredings opgenoem waaroor die volk onbesorg was:

1. Ondankbaarheid
2. Oneerbiedigheid
3. Onwaardige wyse waarop priesters hulle amp nagekom het. Hulle het korrupsie en verdorwenheid toegelaat
4. Ontrouheid in die huwelik
5. Hulle het teenoor die Here gekla dat Hy hulle nie beloon het omdat hulle Hom dien nie en dat dit meer voorspoedig met die goddeloses gegaan het.
6. Hy bestraf die volk oor hulle selfsugtigheid, want hulle het nie hulle volle tiende gebring nie.

Maleagi het die koms van Johannes die Doper voorspel as die een wat die weg voor die Here sal berei. Hy sluit sy profesie af met die waarskuwing dat die groot en verskriklike dag van die Here naby is.
Na die boek Maleagi volg 400 jaar van stilte in die Bybel. God sou hierdie tyd gebruik om die wêreld voor te berei vir Christus se koms. Die Romeine sou die alleenheersers word, paaie bou en een taal Grieks vestig sodat almal die Evangelie kon verstaan. Tot in die fynste detail was God in beheer (Gal 4:4).

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Erediens tot God se eer (Mal 1:6-2:10).
God: “Julle gee My nie die eer.”
Volk: “Hoe minag ons U Heer?”
Die Here die Almatige praat:
“Blinde, siek lam by die offerdaad.”

Volk: “Sluit die deure van die kerk,
dis heeltemal te veel werk!”
Die Here die Almatige praat:
“Ander nasies eer my met hul daad.”

“Priesters moet My naam eer.”
Sê die almagtige Heer.
“Ek het ‘n verbond met jou gesluit,
maar tog buit jy My net uit!”

Tiendes tot God se eer (Mal 3:6-12).
Die Here, die Almagtige praat:
Al wat julle elke keer red,
is dat Ek nie verander het.
Julle het van my afgewyk in daad.
Volk: “Waarom moet ons ons bekeer?”
God: “Dis al hoe Ek na julle terugkeer!”

Volk: “Hoe beroof ons U?”
God: “Julle bring nie tiendes nie!”
Dis die Almagtige wat praat:
“Toets my met julle daad:
Ek open hemelvensters van seën,
en gee ‘n oorvloed van reën.
Ek sal die sprinkanplaag keer
en maak die wingerdoes meer.”

‘n Ewige lewe vir dié wat eer (Mal 2:17, 3:1-5, 13-4:5).

God: “Moeg, maak julle My.”
Volk: “Hoe het ons dit reggekry?”
“Julle het gekla:
‘God hou van mense wat doen wat Hy verbied.’
Julle het gevra:
‘Waar is die God wat reg moet laat geskied?’ ”

Ek gaan my boodskapper vooruit stuur.
Na die tempel kom ek in daardie uur.
Dis die Verbondsengel waarna julle vra,
maar gaan julle Sy regspraak verdra?
Soos iemand wat silwer smelt,
gaan ek julle louter en vergeld.

Volk: “Watter nut het dit om God te dien?”
God: “Ek hoor en gee ag, al kan julle nie sien:
‘n Gedenkboek met name van die wat My eer,
My kosbare besitting as Ek ingryp!”, sê die Heer.

Soos in ‘n oond sal hul brand op dié dag!
Maar die wat in eerbied op My bly wag,
kry genesing uit die son wat redding straal
en sal vrylik bokspring in die kalwerkraal!